

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE SHABBAT

LES 4: MESSIAS, DIE HERVORMER VAN DIE SHABBAT

Inleiding

1. Die debat of die shabbat of Sondag as 'n rusdag van YHVH gedenk en geheilig moet word, word toenemend in menige Christenkringe gevoer. Soos hierdie debat voortgaan, is dit opmerklik dat talle Christene terugkeer tot die viering van die shabbat as heilige (afgesonderde, *set-apart*) rusdag wat aan YHVH toegewy word. Is hierdie gelowiges mislei of is dié wat Sondag as die "dag van die Here" vier die misleides? Hierdie kwessie veroorsaak dikwels skeuring in gemeentes, in families en in gesinne, en dat gelowiges as lidmate van hulle gemeente bedank of dat hulle lidmaatskap gekanselleer word. Nie een van die ander tien gebooië lok soveel reaksie uit nie. Dui dit moontlik op die belangrikheid van die vierde gebod in vergeleke met die ander nege gebooië?
2. Dit is ook opmerklik dat diegene wat terugkeer tot die onderhouding van die shabbat hulself deeglik vergewis het van wat die Skrifte aangaande die shabbat sê. Teenstanders van die shabbatsgebod redeneer egter dat hierdie gelowiges die Skrifte verkeerd verstaan, of dit nie in die lig van die volle konteks interpreteer nie. Tog is dit opmerklik dat die meerderheid wat Sondag as 'n afgesonderde (heilige) rusdag gedenk, dit doen op grond van oorlewering en sonder om dit aan die hand van die Woord van YHVH te kan verklaar. Hulle vertrou grootliks op die oorlewering van ons geestelike voorvaders en op grond van tradisie.
3. Christene doen baie selde selfondersoek om te vra hoekom hulle glo wat hulle glo. Hulle vind dikwels ook gemoedsrus in die feit dat die meerderheid glo soos hulle glo en daarom word aangeneem dat dit wat hulle glo reg is. Vrees vir verwerping deur familie, vriende en die kerkgemeenskap het ook 'n groot invloed om eerder by die bekende te hou.
4. In hierdie deel van ons studie oor die shabbat sal daar ondersoek ingestel word na wat Yeshua oor die shabbat gesê het. Die misleiding aangaande

die shabbatsgebod wat uiteindelik tot Yeshua se kruisiging gelei het, sal ook duidelik word. Ons sal sien dat Yeshua **nie** die shabbatsgebod tot niet verklaar het nie, maar dat Hy as die Hervormer (Hersteller) van die ware shabbat beskou kan word.

5. Sommige beweer op grond van sekere teksverse, soos Matt. 12:1, 2 en 10; Joh. 5:16, dat Yeshua die shabbatsgebod oortree het en dat dit as bewys dien dat die vierdie gebod nie meer geld nie. Indien dit egter waar sou wees, dan sou Yeshua nie sonder sonde gewees het nie en sou Hy nie in die sondaar se plek aan die kruis kon sterf nie. Sou Hy gesondig het, dan kon Hy nie die vlekkelose Lam van YHWH gewees het nie (Joh. 1:29 en 36; 1 Pet. 1:19). Teksverse soos Matt. 12:1, 2 en 10, asook Joh. 5:16 wys juis vir ons dat Yeshua se siening oor die shabbatsgebod verskil het van die siening van die skrifgeleerdes en Fariseërs.
6. Dan maak teenstanders van die shabbatsgebod ook graag van die redenasie gebruik dat van die tien gebooue is die shabbatsgebod die een wat nie spesifiek in die nuwe testament herhaal word nie en daarom dien dit ook as bewys dat die shabbat opgehef is. Kan ons tot hierdie gevolgtrekking kom? Nee, veral nie in die lig daarvan dat die ou en die hernieude (nuwe) verbond 'n geheel vorm en nie apart van mekaar verklaar kan word nie. Ons moet onthou dat in die ou verbond is die nuwe verskuil. Die ou verbond is derhalwe 'n heenwysing na die nuwe en in die nuwe verbond word die oue bevestig.

Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen;
Jes. 46:9 en 10

7. Volgens Jes. 66:23 bestaan die shabbat aan die einde (in die Millennium) steeds soos dit aan die begin ingestel was. Daar bestaan dus geen Skriftuurlike bevestiging dat YHWH die shabbatsgebod wat in die ou verbond ingestel is, in die hernieude (nuwe) verbond opgehef het nie! Soos reeds genoem, is daar bewys dat Yeshua juis die shabbat kom herbevestig het deur dit te suiwer van mensgemaakte wette en tradisies!!
8. Die kernvraag is egter: Wat was Yeshua se standpunt ten opsigte van die shabbat. Het Yeshua die shabbatsgebod van YHWH oortree of het Hy die mensgemaakte wette wat by die shabbat gevoeg was, 'oortree'? Het Messias die tien gebooue herskryf deur die vierde gebod tot niet te verklaar of het Hy die shabbat herstel tot soos wat dit aan die begin was? Hierdie vrae sal beantwoord word en sal nuwe lig werp op wat daar werklik in die nuwe verbond oor die shabbat gesê word.

Yeshua en die Shabbat

1. Ons het reeds in Les 1 dit bespreek dat alle dinge, en daarom ook die shabbat, deur Yeshua ontstaan het.

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Joh. 1:1 en 2.

Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

Kol. 1:15 en 16.

2. Daarom kon Yeshua verklaar dat Hy ook die Meester (Here) van die shabbat is (Matt. 12:8), want alles wat ontstaan het (geskape; gemaak is), het deur Hom ontstaan. Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape (Ef. 3:8 en 9; Heb. 1:2 en 3). Yeshua het dus die seggenskap oor die shabbat. Hy is in die shabbat en Hy is die shabbat, want Hy is die Woord (die Torah) wat vlees geword het (Joh. 1:1 en 14). Alleenlik Hy het as Meester die reg om tot YHVH se Woord (Torah) toe te voeg of weg te neem. Geen mens het hierdie reg nie (Deut. 4:2; Open. 22:18). Ons weet egter dat Yeshua niks uit Homself doen nie, maar slegs die dinge doen wat Hy die Vader sien doen (Joh. 5:19).
3. Die vraag is dus: Het YHVH die tien gebooie gewysig toe Sy Seun, ons Messias, vir ons sondes gesterf het, of het Hy dieselfde wet (Torah) wat by Sinai aan Moses en die volk gegee was op die tafels van ons hart geskryf?

Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek YHVH: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Heb 8:10.

Is die tien gebooie wat in die verbondsark van die hemelse tabernakel (Heb. 8:2 en 5) bewaar word 'n gewysigde wet van die een wat in die aardse verbondsark van die tabernakel geplaas was? Moses het immers 'n presiese weergawe van die hemelse tabernakel gemaak en die twee kliptafels met die Tien Woorde (Gebooie) in die verbondsark geplaas – net soos wat in die hemelse verbondsark is. Die aardse is 'n replika van dit wat in die hemel is. Indien YHVH die shabbatsgebod na die kruisiging sou ophef, sou dit deel van die leringe van Yeshua aan sy volgelinge gewees het. Yeshua het nie Sy volgelinge geleer dat die shabbatsgebod opgehef is nie, en daarom is dieselfde wet wat op die kliptafels geskryf was, nou op die tafels van ons hart geskryf!!

4. Het Yeshua tydens Sy aardse bediening Sy volgelinge geleer dat die shabbatsgebod na Sy sterwe en opstanding opgehef sou word? Nee, hy

het nie!!! Yeshua het volgens die Torah (die Vader se onderrig en instruksies) die shabbat gedenk en Hy dit geheilig soos geskrywe is:

Toe kom Hy (Yeshua) in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die shabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees. Luk 4:16.

Lees ook Mark. 1:21; Mark. 6:2; Luk. 6:6 en Luk. 13:10 as bevestiging dat Yeshua getrou aan Torah die shabbatsgebod eerbiedig het.

Yeshua het selfs tydens Sy profetiese rede vir die mense gesê: *En bid dat julle vlug nie in die winter of **op die shabbat** mag plaasvind nie* (Matt. 24:20). Ons weet dat Yeshua tydens Sy profetiese rede na eindtydgebeure verwys het. Sou Yeshua na die shabbat verwys indien die shabbat na Sy sterwe en opstanding opgehef sou word? Nee!! En wat van die vroue wat na Yeshua se graf met kruie en speserye gegaan het nadat hulle eers op die shabbat gerus het volgens die gebod (Luk. 23:55 en 56)? Het hierdie vroue dan nie geweet dat die shabbatsgebod na die kruisdood van Yeshua opgehef is nie? Hulle het tog baie na aan Yeshua gelewe en sou sekerlik geweet het as Yeshua hulle hierin sou onderrig het?!

5. Hoewel Yeshua die Meester en Skepper van die shabbat is, en Hy die shabbat gedenk en geheilig het, was Hy deur die skrifgeleerdes en die Fariseërs dopgehou om te sien of Hy nie dalk die shabbat sou oortree nie, sodat hulle 'n beskuldiging teen Hom kon vind.

En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het Hom in die oog gehou, of Hy op die shabbat gesond maak, sodat hulle 'n aanklag teen Hom kon vind.
Luk 6:7.

Yeshua het egter hulle gedagtes geken en daarom het Hy hulle gevra: *Wat is geoorloof op die shabbat – om goed te doen of kwaad te doen; om 'n lewe te red of óm te bring?* (vers 9). Hierdie vraag het die skrifgeleerdes en Fariseërs woedend gemaak tot die mate dat hulle saam besin het oor wat hulle aan Yeshua kon doen (vers 11). Volgens die ooreenstemmende gedeelte soos dit deur Markus opgeteken is, was hulle woede so groot dat hulle selfs met die Herodiane, wat as die Jode se politieke vyand beskou was, beraadslaag het oor hoe hulle Yeshua kon doodmaak (Mark. 3:6). Hoekom het hulle woedend geword (*they were filled with madness* volgens die Engelse vertaling)? Want hulle het geweet dat Yeshua reg was en dat dit nie "werk" was om op die shabbat goed te doen of te genees nie. Lees ook Matt. 12:10 tot 14.

6. Volgens bogenoemde is dit duidelik dat die skrifgeleerdes en die Fariseërs mensgemaakte wette oor die shabbat bygevoeg het, ondermeer dat jy nie op die shabbat mag genees of goeie werke mag doen nie. Hulle beskouing oor die shabbat was dus strydig met wat Torah geleer het. Bevestiging

van hierdie mensgemaakte siening oor die shabbat is ook duidelik toe Yeshua die verlamde vrou genees het (Luk. 1:10 tot 17), asook die siek man in Betesda (Joh. 5:1 tot 15) en die blinde se oë weer geopen het (Joh. 9:1 tot 16).

7. Die mensgemaakte wette en siening oor die shabbat kom ook duidelik na vore toe Yeshua en Sy dissipels op die shabbat deur die koringland gestap het en weens honger van die koringare gepluk en geëet het (Joh. 12:1 tot 8). Die Fariseërs het Yeshua beskuldig dat hulle die shabbatsgebod oortree. Yeshua het hulle egter geantwoord dat barmhartigheid belangriker as offerande is. Sou hulle dit verstaan het, sou hulle nie die onskuldiges oordeel nie.
8. Yeshua Messias het dus nooit die shabbatsgebod volgens Torah oortree nie!! Die skrifgeleerdes en Fariseërs het Yeshua egter wel beskuldig van oortreding van die **mensgemaakte wette** wat by die shabbatsgebod gevoeg is [Hierdie mensgemaakte wette wat by die Torah van YHWH gevoeg was, staan vandag bekend as die Talmud]. Daarom was hulle woedend vir Yeshua en wou Hom doodmaak, want hulle eie eer en aansien was aangetas. Hulle geestelike hoogmoed het tot woede gelei. Yeshua het juis gekom om die shabbat te reinig van hierdie mensgemaakte voorskrifte. Hy het gekom om die die shabbatsgebod te herstel tot die doel waarvoor YHWH dit ingestel het. Daarom is Yeshua se woorde in Matt.5: 17 tot 19 ook op die shabbat van toepassing toe Hy gesê het:

Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Yeshua het gekom om die wet (die Torah) te vervul en nie om dit tot niet te verklaar nie (te ontbind of af te breek nie – Strong's G2647). Om die wet te vervul beteken om die wet te bevestig, te bekragtig, volledig en vol te maak (Strong's G4137). Yeshua het al **tien** gebooie kom vervul en nie net nege nie!! Daarom is die vierdie gebod van die shabbat steeds op YHWH se wetboek en op die tafels van ons hart geskryf. Yeshua is die Hervormer van die shabbat – die Een wat **nie die shabbat kom ontbind het nie**, maar gekom het om dit te vervul.

Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Matt. 5:19.

Die geskil oor die Shabbat

1. Het jy opgemerk dat die oorsprong (die kern en die katalisator) van die skrifgeleerdes en Fariseërs se woede, en dit wat uiteindelik aanleiding gegee het tot Yeshua se kruisiging, was die kwessie oor die shabbat?

En hieroor het die Jode Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die shabbat gedoen het. Joh 5:16.

Waaroor het die Jode Yeshua vervolg en Hom probeer doodmaak? Wat is dit wat Hy op die shabbat gedoen het wat in die oë van die Jode verkeerd was? Soos reeds genoem: Die aanklag was dat Yeshua nie die shabbat **volgens die tradisies en voorskrifte** van die skrifgeleerdes en Fariseërs gehou het nie. Hulle siening van die shabbat het afgewyk van dit wat Torah leer. Hulle het die waarheid verdraai deur mensgemaakte wette tot die shabbatsgebod toe te voeg.

2. Nie alleen het Yeshua deur verskeie wonderwerke wat Hy op die shabbat gedoen het, bewys gelewer dat Hy deur YHWH gestuur was nie, maar Hy het ook telkens hulle verkeerd bewys aangaande hulle siening en onderhouding van die shabbatsgebod. Dit het 'n wortel van bitterheid, afguns en venyn by die skrifgeleerdes en Fariseërs laat ontstaan wat tot ander valse beskuldigings teen Yeshua ook gelei het. Hierdie wortel van bitterheid het onrus verwek en baie van die Jode was met hierdie gees besoedel (Heb. 12:15). Dit is hoekom hulle Yeshua vervolg het en beraadslaag het oor hoe hulle Hom kon doodmaak.
3. Besef jy dat hierdie selfde gees wat in die skrifgeleerdes, Fariseërs en talle van die Jode werksaam was, vandag deur talle Christene openbaar word. Die oorgrote meerderheid Christene het 'n totaal verkeerde siening oor die shabbat. Hulle het nie soos die Jode tot die shabbatsgebod sekere mensgemaakte voorskrifte toegevoeg nie. Nee, hulle het alles van die shabbatsgebod gestroop en dit met Sondagaanbidding vervang. Daarom is dit nie vreemd dat diegene wat die shabbatsgebod steeds gedenk en afsonder (heilig) deur Christene vervolg word nie. Die geskiedenis is besig om herhaal te word!! Dit was nog altyd die Kerk wat diegene vervolg wat die shabbat gedenk en afsonder.
4. Hoewel ons studie Skriftuurlike bewys lewer dat Yeshua nie gekom het om die shabbat te ontbind (tot niet te verklaar) nie, hou talle Christene hardnekkig vol met hulle siening oor die shabbat. Jare se tradisie en oorlewering van mense het hulle oë vir die waarheid verblind.

Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering?

So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe,

maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat geboie van mense is. Matt. 15:3 en 6 tot 9

Opsommend

1. Die feit dat die shabbatsgebod voortdurend in die vier evangelies ter sprake is, veral ten opsigte van die dwaling van die Jode oor die shabbatsgebod, is genoegsame bewys dat die shabbatsgebod wel in die nuwe testament herhaal word. Yeshua het die shabbat herstel tot die oorspronklike doel daarvan, naamlik om `n rusdag te wees wat gedenk en geheilig (afgesonder) word en `n dag wat tot seën van die mens sal wees. Die shabbatsgebod moet dus in terme van liefde interpreteer word en nie bloot wetties nie. Daarom kan goeie werke op die shabbat gedoen word, want die shabbat is vir die mens gemaak en nie die mens vir die shabbat nie (Mark. 2:27).
2. In die verband lees ons dat nadat Yeshua die siek man in Betesda op die shabbat genees het, en die Jode vir Hom beskuldig het dat Hy die shabbatsgebod oortree het, het Yeshua hulle geantwoord: *My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook.* (Joh. 5:16 en 17). Met hierdie antwoord het Yeshua hulle laat verstaan dat die krag van die Skepper wat alles deur Sy Woord instand hou en wat genesing bewerkstellig en herstel meebring, ook op die shabbat hiermee voortgaan soos op enige ander dag. Om hiermee saam te vloei is om in harmonie met YHVH se wil te wees – selfs op die shabbat.
3. Ons kan mense nie anders leer as wat YHVH se wet (die Torah, naamlik sy onderrig en instruksies) voorskryf nie (Matt. 5:19).
4. As ons YHVH ons Elohiem en Vader waarlik liefhet, sal ons in alles aan Hom gehoorsaam wees (Joh. 14:21; 1 Joh. 2:5). Yeshua Messias is ons voorbeeld, ook ten opsigte van die shabbatsgebod!

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Teenstanders van die shabbatsgebod verklaar dat diegene wat die shabbat steeds gedenk en heilig probeer om deur goeie werke hulle geregtigheid te verdien. Hulle verklaar ook dat elke dag die "dag van die Here" is en dat enige dag `n rusdag kan wees. Sommige verklaar dat daar ook nie met sekerheid gesê kan word watter dag die sewende dag is nie. Nogtans is die teenstanders van die shabbatsgebod eensgesind dat Sondag die dag van die Here is en dus as sulks gedenk en geheilig moet word, en hoewel daar nie met sekerheid gesê kan word watter dag die sewende dag is nie, kan hulle nogtans met sekerheid bepaal watter dag die eerste dag is. Word die feit dat hulle Sondag as die 'dag van die Here' gedenk nie as goeie werke beskou nie? Is dit net diegene wat die shabbat gedenk wat met goeie werke besig is? Maak sulke redenasies hoegenaamd sin?

2. Yeshua is die Meester (Here) van die shabbat (Matt. 12:8). Beteken dit nie juis dat die shabbat die 'dag van die Here' is nie?
3. Lees Eseg. 22:26 tot 28 in die lig van bogenoemde en vra jouself: Wie is skuldig hieraan? Is dit die wat steeds die shabbat gedenk en heilig of diegene wat verklaar dat die shabbatsgebod opgehef is? Wat gebeur met die wat met loskalk pleister? Die antwoord is in Eseg. 13:11 tot 15.
4. Die woord "shabbat" kom 47 keer in die Afrikaanse Bybel (ou vertaling) voor en nie eenkeer kan dit in verband gebring word met die bewering dat die shabbatsgebod opgehef is nie!!

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.